# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**OCTOBER / NOVEMBER**
***OKTOBER / NOVEMBER***

**2004**

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

LG **101-3/2 LS**

**21 bladsye**

AFRIKAANS EERSTE/PRIMERE TAAL LG: Vraestel 2

101 3 2 LG

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL LG**
**(Tweede Vraestel: Literatuurstudie)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

**INSTRUKSIES:**

- Maak seker dat jy alle instruksies by elke afdeling deeglik deurlees én verstaan. Dit sal verseker dat jy die korrekte keuses uitoefen.
- Algemene taalversorging is belangrik.
- Netjiese handskrif skep 'n goeie indruk en sal in jou guns tel.
- Hou die antwoorde op die kontekstuele vrae kort en bondig.
- Beantwoord slegs wat gevra word.
- Nommer al jou vrae **in die middel** van die antwoordboek.
- Laat 'n reël tussen die antwoorde oop.

**LET WEL**:

- Beantwoord uit **Afdeling A** TWEE vrae – een gedig wat 13 punte tel en een gedig wat 12 punte tel.
- Beantwoord uit **Afdeling B** EEN vraag.
- Beantwoord uit **Afdeling C** EEN vraag.

---

# AFDELING A
## POËSIE

- Beantwoord TWEE van die vier gedigte.
- Beantwoord Vraag 1 OF Vraag 2 EN Vraag 3 OF Vraag 4.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### VRAAG 1

**PAPPA EN SEUNTJIE STAP** – (W. Rowland)

drie vere
sewe dennepitte
en 'n tor
in 'n seuntjie se sak
in 'n pappa se hart
wat simbole bewaar

vir my voete is hierdie stukkie
aarde glibberig en steil
soos die hele wêreld
in 'n dwergiedroom
en wit kierie in die hand
dwaal ek deur strate en gedagtes
eensaam tussen baie klanke

die wind is 'n singende meisie wat ek liefhet
en die geur van haar asem is blomme
in koel hande wat ek soen
hierdie gebarste muur groet ek as vriend van my voetstap
want ek verlang na die geselskap van ou mans
wat sluimer op banke langs die see
hierdie boom ontmoet ek in preweling en skaduwee
baie stemme donker musiek
en ek streel die groen
ruik die groen
kou die groen
tot die lewe vrank word op die tong
dan
onthou
ek
die tekens van 'n seuntjie se soek
want
die vere is verganklikheid
die dennepitte krale van ons abakus
en die tor ons laaste ronde slaap

Frankie
trillende liggaampie
hitte en bloed
hierdie voel-hoor-ruik-proe-wêreld
versamel jy reënboog
liedjie en lente
help my om die stap te sien
handjievol kyk
handjievol bêre
seuntjiegenot

Uit: *Die huis waar ek woon* (Tafelberg)

1.1 Wat is in die kind se sak? (3)

1.2 Hoe weet ons dat Pappa moeilik loop? (1)

1.3 In watter versreël lees ons dat Pappa ondersteuning nodig het wanneer hy loop? (1)

1.4 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte **letter** langs die vraagnommer neer.

Wat beteken **vrank** volgens reël 25?

A. Suur
B. Bitter
C. Soet
D. Taai (1)

1.5 Watter TWEE antwoorde is korrek? Skryf slegs die korrekte letters langs die vraagnommer neer.

**Verganklikheid** (reël 31) is iets wat ______.

A. vir altyd sal bestaan
B. gou verbygaan
C. nie altyd daar sal wees nie (2)

1.6 Wat is die verskil tussen die tor en die seuntjie? (2)

1.7 Noem die VIER sintuie wat die digter in verband met Frankie se wêreld opnoem. (2)

1.8 Waarmee vergelyk Pappie die wind? (1)
**[13]**

**OF**

## VRAAG 2

**ELEGIE VIR MY TOEKOMSTIGE VROU – (A Letoit)**

ek sal nooit die dag vergeet toe ek jou
ontmoet het nie (net soos in die
populêre liedjies)
: dit was op die skaatsbaan
of op die sessiondansvloer
of dalk by die biduur
(hoewel die soort
wat jy by bidure ontmoet
gewoonlik nie lank
hou nie)

ek het jou uitgeneem
op my motorfiets (boksburgmeer
of milky lane in hillbrow of
daai hippiekolonie in berea – ek
had altyd 'n voorliefde vir
hippiekolonies) en jy het
verlief geraak op my
toe jy my profiel in die
– nee wag – toe ek –
in jou oor fluister
"ek smaak jou" (jou hare
het effens na kougom geruik – oh baby)

daarna het ek jou ouers ontmoet
hulle het my uit die huis uitgejaag
(vermoedelik vanweë my lang hare en baard –
uit die mode sedert jan van riebeeck en oom paul se tyd –
my tydsberekening is altyd verkeerd)
maar uiteindelik
het ons tog getrou; jy was
so bly: niemand het opgedaag by die kerk nie
behalwe die dominee
en 'n paar assuransieagente
(onder andere my pa, saam met sy
vrou: gawe mense, darem,
as jy hulle leer ken; ongelukkig
ken ek hulle
nie so goed nie)

daarna het ons, soos altyd, saam
geleef (leef?) soos al die ander
mense (mense?) en
nie meer toptwintig
geluister nie;
ek het altyd gedog
ek was verlief op jou (hahaha!)
maar toe eers, toe vang ek
die hele triek:
alles gaan om skreeuende bybies
en kombuiskaste wat piep –
en die huwelik is 'n duur prys om te betaal
vir 'n lewe vol platoniese dogmatiek.

Uit: *suburbia* (Perskor)

2.1 In watter tyd is die gedig geskryf? Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer neer.

A. Teenwoordige tyd
B. Toekomende tyd
C. Verlede tyd (1)

2.2 Waaroor handel die gedig? (3)

2.3 Noem TWEE plekke waarheen die verteller sy toekomstige vrou sal uitneem. (2)

2.4 Waarom sal die meisie se ouers nie van die verteller hou nie? Kies TWEE korrekte antwoorde. Skryf slegs die korrekte letters langs die vraagnommer neer.

A. Swak maniere
B. Lang baard
C. Grootpratery
D. Sy lang hare (2)

2.5 Watter woorde het aanleiding gegee dat die meisie op hom verlief geraak het? (1)

2.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer neer. **Reël 34**. Is die vrou wat hier genoem word die spreker se ______?

A. eie ma
B. skoonma
C. stiefma
D. pa se vriendin

(1)

2.7 Haal 'n **versreël** aan wat aandui dat die verteller nie meer lief is vir sy vrou nie. (2)

2.8 Waaroor gaan dit in die huwelik volgens die verteller? Noem EEN ding. (1)
**[13]**

## VRAAG 3

**STAD IN DIE MIS** – D.J. Opperman

1 Met gespanne spier
2 loop ek deur die mis
3 want om my sluip 'n dier
4 onder wit duisternis;
5 ek hoor hom knor en in oop mote
6 waggel sy pilare-pote
7 en sy kantelende rug metaal;
8 op hoeke van die strate blink
9 sy oë bloedbelope,
10 en met sy hap sluit staal op staal.

Uit: *Heilige Beeste* (Perskor)

3.1 Hoe voel die spreker teenoor die "dier" as hy van hom probeer ontkom? (1)

3.2 Van watter soort **mis** word in reël 2 gepraat? (2)

3.3 Verduidelik: **om my sluip 'n dier**. (reël 3) (2)

3.4 Wat word van die dier gehoor? (1)

3.5 Met watter TWEE woorde word die beweging wat die dier maak, beskryf? (2)

3.6 Wat is die **oop mote** in reël 5? (1)

3.7 Wat is "**bloedbelope oë**"? (1)

3.8 Wat dwing die "bloedbelope oë" van die stad 'n mens om te doen? (1)

3.9 Haal die reël aan wat dui op die absolute genadeloosheid van die "dier". (1)
**[12]**

**OF**

## VRAAG 4

**BITTERBESSIE DAGBREEK – (Ingrid Jonker)**

Bitterbessie dagbreek
bitterbessie son
'n spieël het gebreek
tussen my en hom

Soek ek na die grootpad
om daarlangs te draf
oral draai die paadjies
van sy woorde af

Dennebos herinnering
dennebos vergeet
het ek ook verdwaal
trap ek in my leed

Papegaai-bont eggo
kierang kierang my
totdat ek bedroë
weer die koggel kry

Eggo is geen antwoord
antwoord hy alom
bitterbessie dagbreek
bitterbessie son

**Uit:** ***Rook en oker*** **(Perskor)**

4.1 Waarom word die woord **bitter** herhaal? (1)

4.2 Wat word bedoel met versreëls 3 en 4? (1)

4.3 Watter ander betekenis kan daaraan geheg word? (1)

4.4 Waarom soek die **ek** na die grootpad? (1)

4.5 Watter betekenis het die **dennebos** vir die spreekster? (2)

4.6 Hoe kan die **ek** in haar **leed trap**? (Reël 12)
Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer neer.

A. Deur maklik van haar hartseer te vergeet.
B. Hartseer en verdriet wat ou wonde oopkrap. Sy word daarin vasgevang. (1)

4.7 Verklaar **papegaai-bont eggo**.
Kies die TWEE korrekte antwoorde. Skryf slegs die korrekte letters langs die vraagnommer neer.

A. Vergeefs geroep sonder antwoord
B. Kleurvolle voëlsoort
C. Iets wat aanhou herhaal (2)

4.8 Wie is die **hy** waarvan daar in reël 18 gepraat word? (1)

4.9 Gee 'n voorbeeld van alliterasie uit die gedig. (1)

4.10 Wat was die oorsaak van hul mislukte verhouding?
Kies EEN korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer neer.

A. Die gebreekte spieël
B. Eggo van die papegaai
C. Leuens en ontrou (1)

**[12]**

Jy moes **TWEE gedigte** beantwoord het. <u>EEN</u> gedig wat **13 punte** tel en **<u>EEN</u>** gedig wat **12 punte** tel.

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

## AFDELING B
## DRAMA

- Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Vraag 5 is kontekstuele vrae.
- Vraag 6 is paragraaftipe vrae.
- As jy die **kontekstuele vrae** uit Afdeling B doen, moet jy die **paragraaftipe** vrae uit Afdeling C doen.
- As jy die **paragraaftipe** vrae uit Afdeling B doen, moet jy die **kontekstuele** vrae uit Afdeling C doen.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

### VRAAG 5

### *DIE KEISER* – Bartho Smit
### KONTEKSTUELE VRAE

Lees die onderstaande teksgedeelte deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| | | |
|---|---|---|
| Hofnar | : | O, gats! *(Hy tuimel van die troon af en gaan staan sedig langs Kultuur in die ry. Die Keiser kom binne.)* |
| Koor | : | Lank lewe die Keiser! |
| Keiser | : | Heil. *(Hy vee sweet van sy gesig en nek af; dan begin hy hul klere inspekteer – eerste die Nar s'n.)* Mooi, Nar. Mens kan jou deur 'n naald trek. |
| Hofnar | : | Trek maar liewers die naald deur mý, my Kroon – dit sal nie so seer wees nie. |
| Keiser | : | Verdaag. *(Die Nar val uit die ry uit. Die Keiser inspekteer Kultuur se klere en mompel tevrede:)* 'Nmm. 'Nmm. Verdaag. *(Kultuur val uit. Die Maarskalk kom aan die beurt.)* |
| | : | 'Nmm. Jy kan vir jouself nóg 'n knopie of twee op jou skouers aanwerk, Veldmaarskalk. |
| Maarskalk | : | *(salueer)*: Tot u diens, U Majesteit. |
| Keiser | : | Verdaag. *(Maarskalk tree uit. Diplomaat se klere word geïnspekteer. Iets trek die Keiser se aandag. Hy ruk orent en kyk noukeurig na die krawat. Diplomaat staan versteend.)* Kultuur. |
| Kultuur | : | U Majesteit? (Die Keiser beduie met 'n kopbeweging na Diplomaat en gaan sit op sy troon. Vee sweet af. Kultuur begin Diplomaat se klere inspekteer.) |
| Keiser | : | Krawat. *(Kultuur sit sy monokel op en kyk noukeurig na Diplomaat se krawat)* |

5.1 Hofnar gaan staan sedig langs Kultuur. **Watter** woord **pas nie**? Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer neer.

A. Beskeie
B. Stemmig
C. Kwaad (1)

5.2 Haal die **idoom** uit reël 7 aan. (1)

5.2.1 Wat is die korrekte vorm van die idioom? (1)

5.2.2 Wat beteken die korrekte idioom in Vraag 5.2.1? (1)

5.3 Jy kan vir jouself nóg 'n knopie of twee op jou skouers aanwerk. (Reël 13 en 14) Wat beteken dit? Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer neer.

A. Baie dankbaar wees
B. Moeite doen
C. Geraas maak
D. Wees trots op jouself. (1)

5.4 Reël 18. Waar dra 'n mens 'n krawat?
Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer neer.

A. Om jou heupe
B. Op jou kop
C. Om jou nek (1)

5.5 Reël 18. Watter woord beskryf Diplomaat se aksie? Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer.

A. Noukeurig
B. Versteend (1)

5.6 Reël 20. Met wie praat Kultuur? (1)

5.7 Haal TWEE reëls in die stuk aan wat sê dat dit baie warm is. (2)

**EN**

| | | |
|---|---|---|
| Keiser | : | Los hom. Wat maak dit saak of hy bekwaam of onbekwaam is? Hy's maar net ons Nar. |
| Kultuur | : | U Majesteit! |
| Keiser | : | Wat? |
| Kultuur | : | Dit het niks met bekwaam of onbekwaam te doen nie! Dit gaan oor die integriteit, die geloofwaardigheid van Ekwator! Oor die status, die heiligheid van ons Keiser. Begryp u nie? As daardie skepsel geen klere sien nie, soos hy self erken het, U Majesteit, dan sien hy u sónder klere. Dís waaroor hy die hele aand al lag en spot. |
| Keiserin | : | Skokkend! |
| Keiser | : | *(ontsteld)*: Nar?! |
| Hofnar | : | My Kroon? |
| Keiser | : | Wat het ek aan? |
| Hofnar | : | Die onderbroek, my Kroon – die een vir die jig. |
| Keiser | : | Oë weg! |
| Hofnar | : | My Kroon? |

Kultuur : Draai weg jou kop, Ellendeling!
*(Die Nar draai sy kop weg.)*
Keiser : Hoe dúrf jy na ons kyk as jy nie ons klere sien nie?!
Hofnar : *(sonder om na die Keiser te kyk)*: Die waarheid is maar altyd kaal, my Kroon.
Kultuur : Sulke vermetelheid!
Keiser : Vat hom weg.
Maarskalk : *(roep)*: Wag! *(Die Wag kom binne.)* Smyt daardie skepsel in die kerker.
Wag : Tot u diens, Maarskalk. *(Hy gryp die Nar.)* Kom!
Hofnar : Moet jou nie ooreis nie. Tjom – ek sal saam met jou loop. *(Sonder om na die Keiser te kyk:)* My Kroon ...
Maarskalk : Vat hom weg!
Hofnar : Ek wil maar net sê: Tot siens, my Kroon.
Keiser : *(bewoë)*: Tot siens, Nar.
Maarskalk : Weg met hom! *(Die Nar loop saam met die Wag na die deur.)* Nar!
Hofnar : *(gaan staan in die deur; sonder om om te kyk):* Korporaal?
Maarskalk : Wat het die apie gesê toe hy om die tak geswaai het?
Hofnar : *(met sy rug na die ander)*: Hy't gesê nou't ek my gat gesien, Korporaal.

5.8 Reël 1. Van wie praat die Keiser hier?
Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer neer.

A. Kultuur
B. Nar
C. Maarskalk (1)

5.9 In reël 8 gebruik Kultuur die woord **skepsel**. Na wie verwys hy? (1)

5.10 In reël 12 is die Keiser ontsteld oor die Nar se optrede. Wat het daartoe aanleiding gegee?
Kies TWEE korrekte antwoorde. Skryf slegs die korrekte letters langs die vraagnommer neer. Die rede was dat ______.

A. Hofnar gejok het
B. die Keiser ontsteld is omdat Hofnar sy heiligheid betwyfel het.
C. Hofnar nie geloofwaardigheid teenoor Ekwator betoon het nie.
D. Hofnar kinderagtig is. (2)

5.11 Kies die TWEE korrekte antwoorde. Skryf slegs die korrekte letters langs die vraagnommer neer. In reël 18 skel Kultuur vir Hofnar uit as **Ellendeling**. Dit beteken ______.

A. treurige
B. skurk
C. sieklik (2)

5.12 Reël 26. Wat beteken: Smyt daardie skepsel in die **kerker**? (1)

5.13 Reël 32. Waarom is die Keiser bewoë / hartseer? (1)

5.14 Reël 28. Gee 'n Afrikaanse woord vir **Tjom**. (1)

5.15 **Kies** die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer neer. Volgens reël 24 – 26 word Nar deur wie verwyder?

A. Kultuur
B. Die Keiser
C. Maarskalk
D. Wag (1)

5.16 Waarom beland die Hofnar in die tronk? (3)

5.17 Het die Nar die Keiser gegroet voordat hy in die tronk beland het? JA of NEE. Motiveer jou antwoord deur die woorde of reël aan te haal. (2)
**[15]**
**[25]**

**OF**

**VRAAG 6**
***DIE KEISER* – Bartho Smit**
**(Paragraaftipe vrae)**

6.1 Beskryf die **karaktereienskappe** van die Keiser. Gee aandag aan die volgende:

- Sy houding teenoor **die volk** (± 80 – 90 woorde)
- Sy houding teenoor **die Nar** (± 80 – 90 woorde) (10)

**EN**

6.2 Beskryf die volgende **karakters**:

- **Diplomaat** – (± 50 – 70 woorde)
- **Kultuur** – (± 50 – 70 woorde)
- **Die Keiserin** – (± 20 – 30 woorde) (10)

**EN**

6.3 Beskryf die toestand van die volk teenoor dié van die ministers.

- Gee aandag aan die weelde en rykdom waarin die ministers in die paleis leef. (± 30 – 40 woorde)
- Die armoede van die volk (± 30 – 40 woorde) (5)

<u>LET OP:</u>

- As jy in Afdeling B die **kontekstuele vrae** beantwoord het, moet jy in Afdeling C die **paragraaftipe vrae** beantwoord.
- As jy in Afdeling B die **paragraaftipe vrae** beantwoord het, moet jy in Afdeling C die **kontekstuele vrae** beantwoord.
  Het **jy**?

**TOTAAL VIR AFDELING B: [25]**

# AFDELING C

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling oor die roman wat jy gedurende die jaar behandel het.
- Vraag 7 is **kontekstuele vrae**.
- Vraag 8 is **paragraaftipe vrae**.
- Vraag 9 is **kontekstuele vrae**.
- Vraag 10 is **paragraaftipe vrae**.
- As jy die **kontekstuele vrae** uit Afdeling B gedoen het, moet jy die **paragraaftipe vrae** uit Afdeling C doen.
- As jy die **paragraaftipe vrae** uit Afdeling B gedoen het, moet jy die **kontekstuele vrae** uit Afdeling C doen.
- Hierdie afdeling tel 25 punte.

## VRAAG 7
## ROMAN

### *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee
### (Kontekstuele vrae)

Lees die onderstaande teksgedeeltes deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Dis goed lat meneer 'n swaar geweer by meneer het. Die bogger loop nog hier in die Bos".

"Wie?" lok hy hulle uit.

"Oupoot," gee die een seun antwoord. "Hulle sê dis hy wat die kind geskep het. Al baie kwaad in hierdie bos aangerig ... Kry vir meneer van die patat. Kleinkoos, gee vir die meneer jou katotjie ... Dis 'n verskriklike grootvoet, meneer. Meneer moet lig loop vir hom. Ons is juis 'n man te wagte wat hom moet kom skiet.

"Watter kant toe is hy?"

"Hulle sê hy's Kwê-se-Draai se kant toe," gee die ou man antwoord. "Watter rigting stap meneer?"

Gouna se kant toe," lieg hy.

"Meneer ken die Bos?"

"Ja. Ek ken die Bos."

"Ek wou sê meneer se gesig lyk bekend," sê die pa en kyk agterdogtig op.

"Maar ek was lank weg," keer Saul vinnig en vra: "Hoeveel skuld ek vir die kos?"

"Ons deel wat ons het, meneer," sê die ou man trots en Saul sien sy hande wat soos 'n ou boom se stam verknobbel is.

"Dan sê ek vir julle baie dankie." Hy staan op en groet.

Toe hy van hulle wegstap, roer 'n weemoedigheid in hom wat hy nie gekeer kry nie. Nêrens het hy edeler as hulle, die ouers van die Bos, teengekom nie. Opreg. Eenvoudig. Skoon van gemoed en van goedheid tevrede met hul lot. Hulle is onskuldig omdat hulle nie weet wat hulle doen nie ... Dan stoot hy die oomblik se genade van hom weg; hy ken ook hul koppigheid, hul blindheid! En hy kies koers Kwê-se-Draai toe.

7.1 Reël 2. Wie is die **bogger** wat hier van gepraat word? (1)

7.2 Reël 5. Van wie se kind word hier gepraat? (1)

7.3 Reël 8. Wie is die man wat vir Oupoot wil skiet? (1)

7.4 Reël 8. Meneer moet **lig loop** vir hom. Wat beteken die uitdrukking? (1)

7.5 Watter mooi eienskappe openbaar hierdie mense volgens Saul?
Kies VIER korrekte antwoorde. Skryf slegs die korrekte letters langs die vraagnommer neer.

A. Eenvoudig
B. Opreg
C. Suinig
D. Skoon van gemoed
E. Edel (4)

7.6 Reël 27 – 29. Oor watter TWEE minder goeie eienskappe beskik hierdie mense? (2)

7.7 Wat bedoel Saul met koppigheid en blindheid? (Reël 28 en 29) (2)
**[12]**

**EN**

"Joram Barnard kniel voor geniemand nie!" Sy pa se lang gestalte het fier opgeruk teen die donker bos agter hom. "En as jy jou knieë buig omlat jy Joram Barnard se seun is, omlat houtkapperbloed nie goed genoeg vir jou is nie, staat jy vanaand voor my soos 'n kruis wat op my wag. Maar Joram Barnard staat nie vanaand voor jou nie, hy staat voor God in hierdie bos en al wat hy het om te wys, is sy hande wat opgewerk is. Joram Barnard is nie veel nie, hy's min, maar hy het nie sleg bloed in sy are nie en daarom kniel hy voor geniemand nie!"

"Pa kruip voor MacDonald."

"Waar anders gaat ek heen met die hout? Ons moet leef!"

"Ons moet uitkom uit die Bos, Pa!" sê Saul dringend. "Ons gaan saam met alles tot niet. Kyk hoe lyk ons!"

“As die Bos nie meer goed genoeg vir jou is nie, kan jy môre as ons by die huis kom jou bondel vat en jou eie byl gaat swaai waar jy wil.

“Jaag Pa my weg?”

“As jy dit so wil sien, is dit reg. Ek wil nie 'n man in my span hê wat heeldag en aldag geslyp moet word en stoets bly nie. As 'n byl nie wil kap nie en hy wil hom ook nie lat slyp nie, moet jy hom eenkant sit.”

7.8 Voor wie moes Joram Barnard altyd buig? (1)

7.9 Tussen reël 1 en 4 is daar 'n aanduiding dat hulle ware houtkappers was. Haal 'n woord aan. (1)

7.10 Was Joram 'n hardwerkende man?

JA of NEE? Motiveer. (2)

7.11 Hoekom dink jy dat Saul hul aanmoedig om uit die Bos te kom? (2)

7.12 Het Saul iets bereik toe hy sy vader gevra het om die Bos te verlaat? Motiveer. (2)

**EN**

“Ek word kwaad as hulle sê die bosmense is dom, Kate! Ek sê nie hulle is almal ewe slim nie, maar baie is slim. Eintlik is hulle net blind vir dinge. En bang.”

“Vir die olifante?” het sy geterg.
“Nee. Dis 'n ander soort bang, 'n bang vir alles buite die Bos. Vra vir my, ek weet. En intussen moet hulle leef, en om te kan leef, moet hulle hout kap. Ek sê vir jou, in hul harte weet hulle net so goed soos ek dat hulle besig is om die Bos dood te kap, maar hulle bestry dit omdat hulle nêrens het om heen te vlug nie.”

“Vertel my nog van Oupoot,” het sy die gesprek in 'n ander rigting gestuur.

“Ek het jou alles vertel.”

“Jy jok. Jy's nou sommer snaaks.”

“Ons is vas, Kate!” het die ou vrees hom nukkerig gehou.

Sy het maar haar rok se band gesit en speel en nie opgekyk toe sy die vraag vra nie: “Hoekom het jy hier kom werk?”

“Omdat my pa my weggejaag het en ek gereken het ek sou hier geld verdien. Ek wou net drie pond bymekaargemaak het om op 'n skip te kon klim.”

7.13 In reël 5 – 9 beskerm Saul die bosmense.
Kies TWEE korrekte antwoorde. Skryf slegs die korrekte letters langs die vraagnommer neer.

A. Om te kan leef, moet die bosmense hout kap.
B. Hulle is nie bang vir die lewe buite die Bos nie.
C. Hulle het nêrens anders om te woon as in die Bos nie.
D. Hulle is bang vir die olifante. (2)

7.14 Waarom het Saul by MacDonald gaan werk? Noem DRIE redes. (3)
**[25]**

**OF**

**VRAAG 8**
**ROMAN**

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**
**(Paragraaftipe vrae)**

8.1 Bespreek die agtergrond / milieu / omgewing van die voorgeskrewe werk wat jy gelees het. (100 – 120 woorde) (5)

8.2 Die tema van die voorgeskrewe werk wat jy gelees het, handel oor sake wat op die oomblik van belang is (aktueel is). Gebruik die volgende hoofpunte en skryf 'n paragraaf van 80 – 100 woorde daaroor.

- Watter probleme word in die werk aangespreek?
- Bestaan die probleem nog vandag? Motiveer jou antwoord.
- Hoe het die hoofkarakter (Saul) dié probleem opgelos?
- Indien jy die hoofkarakter (Saul) was, hoe sou jy dié probleem opgelos het? (80 – 100 woorde) (20)

Jy moes VRAAG 7 **of** VRAAG 8 doen.

LET OP:

- As jy in Afdeling B die **kontekstuele vrae** beantwoord het, moet jy in Afdeling C die **paragraaftipe** vrae beantwoord.
As jy in Afdeling B die **paragraaftipe** vrae beantwoord het, moet jy in Afdeling C die **kontekstuele vrae** beantwoord. Het **jy**?

**[25]**

## VRAAG 9
## *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee
## (Kontekstuele vrae)

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.
- Vraag 9 is **kontekstuele** vrae.
- Vraag 10 is **paragraaftipe** vrae.

9.1 Lees die volgende teksgedeelte en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Toe sy eers in die pad val, het die opgekroptheid bedaar, want sy was soos 'n pot wat te vol is en eers moet oorkook. Sy sou pad langs hou ingeval hulle met Banjamin aan die terugkom was.

As sy wou draf, het sy haar voete vermaan, want daar het twee dae se stap vir hulle voorgelê. Goliat Petro het in 'n bietjie meer as 'n dag Knysna toe gestap, maar Goliat Petro het 'n muil flou gedraf en sy was nie hy nie. Sy sou haar aan die begin moes spaar. Nie dat sy bang was vir die stap nie, nie Fiela Komoetie nie. Dit sou ook nie die eerste keer wees dat sy daardie berge en klowe moes oor en deur nie – daar was 'n tyd dat sy elke napad in die donker sou kry en van elke klip in haar pad geweet het. Maar dit was 'n ander tyd, 'n tyd wat sy in haar binneste afgekamp het. Wys jou net, het sy gedink, 'n mens moet nooit sê: paadjie, met jou loop ek nie weer nie. Sy was die een wat gesweer het sy sal nooit weer haar voete op daardie pad sit nie.

Die loop was beter as die wag. Die wag was genoeg om haar van haar verstand af te kry.

Selling was bang, hy het al om haar gedraai solank sy klaargemaak het.

"Fiela, luister na my vanmôre! Moenie daar agter op Knysna loop moeilikheid maak nie. Jy ken jou mond as jy kwaad word. Ek sê vir jou, as jy voor 'n witmens verleë staan, moet jy laag buk, seil soos 'n slang deur die stof en jy maak dit vir jouselwers makliker, en jy kan jou altyd agterna weer afstof. Maar as jy eers parmantig geraak het en hulle moet jou stof toe stamp, is jou saak verknoei."

Selling had reg. Sy sou die Here vra om haar te help.

Nee, sy was kwaad vir die Here. Dit het nie gehelp om vir haarself te sê sy doen sonder nie, sy was nog altyd kwaad vir die Here. Sterfling kan nie met die Here prys maak nie, en tog wou sy weet hoe die Here die drie volstruiskuikens en die helfte van Skopper se pluksel, wat sy hom belowe het as Benjamin veilig huis toe kom, sommerso kon wegstoot as die kerk op die dorp gedurig by bankrotskap staan.

Ekskuus, Here.

Selling had reg. Sy sou die magistraat gaan begin, as dit nodig is, sou sy gaan lê dat hy kan trap as hy wil.

9.1.1 Waarom wou Fiela nie te vinnig Knysna toe stap nie? (1)

9.1.2 Waarom het Fiela die pad wat sy loop, vroeër jare baie goed geken? (2)

9.1.3 Verduidelik wat met die woorde " 'n tyd wat sy in haar binneste afgekamp het" (reël 10), bedoel word. (1)

9.1.4 Watter karaktereienskap van Fiela het Selling bang gemaak? Skryf slegs EEN woord as antwoord uit reëls 17 tot 19 neer. (1)

9.1.5 Wat bedoel Selling met die woorde in reël 17: "Seil soos 'n slang deur die stof ..."? (2)

9.1.6 Waarvoor verwyt Fiela die Here in haar gedagtes? (2)

9.1.7 Waarom was Benjamin in Knysna? (1)

9.1.8 Wie het Benjamin Knysna toe geneem? (1)

9.1.9 Wat was die naam van die magistraat in Knysna? (1)

9.2 Lees die volgende teksgedeelte en beantwoord die vrae wat daarop volg:

"Sy het opgestaan en begin loop. Begin strompel. Begin draf. Selling was by die man, die man het iets neergegooi en Selling regop gehou. Here, dis 'n droom; sy gaan val en sy gaan wakker word. Dis nie waar nie. Moenie dat sy 'n ding sien wat nie waar is nie.

Maar toe staan hy daar. Treë van haar af. Benjamin. 'n Lange, mooie man, in vuil flenter klere, maar met 'n fierheid in sy bloue oë. En dis nie Benjamin haar hanskind nie, dis 'n man. 'n Witman. En haar hande wil na hom uitgaan, maar hulle bly langs haar sye hang. Nooit het sy aan hom as wit gedink nie; aan groot, maar nie as wit nie. En nou, Here?

'Groet Ma nie?'

Ma. Hy het haar ma genoem?

Loof die Here, o my siel, dit is 'n droom. Selling het met die eienaardigste geluide gehuil. Nee, dit was sy.

Here, hou my bene styf sodat ek hierdie hemel regop beleef vandag! Haar lyf het vorentoe en agtertoe bly wieg en daar wou nie woorde uit haar mond kom nie.

'Moenie so huil nie, Ma. Ek het gekom. In die sak is 'n vis. As ek reg onthou, het iemand destyds gesê ek moet 'n vis saam terugbring. Moenie huil nie, kyk, ek het die vyf sjielings ook nog.' Hy het gelag en haar op die mond gesoen.

Hulle moes Selling lawe en in die kooi sit. Hy het gesê Kittie moet die Bybel bring en vir hom lees. Maar Kittie het te veel gehuil en toe het Benjamin maar self gelees.

Hulle het nie 'n vetgemaakte kalf geslag en geëet nie; Hulle het net almal om Selling bly sit en baie jare tussen hulle losgepraat. Daar was plekke waar Benjamin gekeer het en ander waar hy nie gekeer het nie ...
Toe die maan opkom, het sy na die kliprantjies toe geloop en op haar knieë gegaan en God gedank tot die klippe in haar vlees ingesny het en in ruil vir Benjamin die Laghaans vergewe. Sy kon aan niks groters dink om God te offer nie."

9.2.1 Na hoeveel jaar het Benjamin na Fiela-hulle teruggekeer? (1)

9.2.2 Reël 35 lui soos volg: 'Nooit het sy aan hom as wit gedink nie ...' Waarom, dink jy, het Fiela nooit aan Benjamin as wit gedink nie? (1)

9.2.3 Waarom, dink jy, spreek Benjamin Fiela na al die jare nog steeds as Ma aan? (1)

9.2.4 Wat het Fiela-hulle gedoen as hulle Selling moes lawe? (reël 45) (1)

9.2.5 Watter gelykenis het Benjamin uit die Bybel gelees? Kies A, B of C.

A. Gelykenis van die saaier
B. Gelykenis van die barmhartige samaritaan
C. Gelykenis van die verlore seun (1)

9.2.6 Waarom wou Selling juis hê dat hierdie besondere gedeelte gelees word? (1)

9.2.7 Reëls 51 en 52 lui '... en in ruil vir Benjamin die Laghaans vergewe.'

(a) Wat het twee van die Laghaan-seuns jare gelede op die dag voor Kersfees gedoen dat Fiela na al die jare nog steeds 'n wrok teen hulle gekoester het? (1)

(b) Wat het Selling daardie dag gedoen wat sy lewe ingrypend verander het? (1)

9.2.8 Benjamin het nie net huis toe gekom om antwoord op sy vrae te kry nie, maar ook om met Fiela-hulle te kom simpatiseer. Watter lid van die Komoetie-gesin is dood as gevolg van 'n knopiespinnekop te byt? (1)

**EN**

9.3 Lees die volgende teksgedeelte en beantwoord die vrae daaroor gestel:

" 'Vrou, wat praat jy?"

'Ek het iemand anders se kind gevat die dag. Ek het dit agtergekom toe dit te laat was, toe hy al hier was. Toe't ek weer gedink dis my verbeelding en dit weggestoot, maar dit wou nooit lank wegbly nie, en die laaste tyd nooit meer nie. Toe hy laas by die huis was, het hy my gevra en ek het gesê ek het voor die magistraat gesweer, maar ek het vals gesweer, hy's nie my kind nie.'

'God, vrou, jy yl!'

'Ek yl nie, ek sal magistraat toe gaan en dit loop sweer. Ek kan dit nie langer in my dra nie, dit het te swaar geraak vir my.'

'Vrou, jy yl!' Het hy hardkoppig volgehou. 'Jy't hom oombliklik uitgeken, voor die magistraat!

'Ek het nie ...'

9.3.1 Waarom beken die bosvrou na al die jare dat Benjamin / Lukas nie haar kind is nie? (1)

9.3.2 Hoe het die bosvrou dan dit reggekry om Benjamin as haar kind uit te ken? (1)

9.3.3 Wat, dink jy het met die werklike driejarige kind van die bosmense gebeur? (1)

b.o.

9.3.4 Dink jy dit was regverdig teenoor Benjamin dat die bosvrou hom as haar kind uitgeken het? (1)

**[25]**

**OF**

**VRAAG 10**

***FIELA SE KIND* – Dalene Matthee**

10.1 Bespreek kortliks die tyd waarin die verhaal van die roman *Fiela se kind* afspeel. (5)

10.2 Gee 'n kort beskrywing van die milieu (ruimte) waarin die verhaal van *Fiela se kind* afspeel soos dit beskryf word op **Wolwekraal in die Langekloof** en **in die Knysnabos**. (10)

10.3 Beskryf kortliks hoe uiterlike konflik deur Benjamin / Lukas beleef word. Gebruik die volgende as leidrade:

- Die sensusmanne
- Die uitkenningsparade
- In die bos
- By die see (10)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [25]**

<u>LET OP:</u>

- As jy in Afdeling B die **kontekstuele vrae** beantwoord het, moet jy in Afdeling C die **paragraaftipe** vrae beantwoord.
  As jy in Afdeling B die **paragraaftipe** vrae beantwoord het, moet jy in Afdeling C die **kontekstuele vrae** beantwoord. Het **jy**?

**TOTAAL: 75**

**EINDE**